

10 Desember 2009

Sal die “Leviete” wat die Here dien asseblief vorentoe kom! Ons is moeg vir die wat die mense en hulleself dien!

Wanneer ons die situasie krities evalueer en dan die nodige aanpassings wil doen moet ons dit vanuit die Skrif doen. Dit is waarom die vertrekpunt altyd die Skrif moet wees. Sal ons reformeer terug na die Skrif, is die vraag? My bekommernis is dat dit al hoe duideliker blyk dat die felste aanslag teen die Skrif vanuit die geleedere kom. Ons weet dat ongelowiges nie veel waarde aan die Skrif heg nie maar nou wys sekere professore, predikante en ander sogenaamde broeders, wat hulself steeds as gelowiges beskou, die Skrif af! Ek praat nie eers van Spangenberg en vriende nie.

Kan hulle soos Paulus sê dat hulle rein is van die bloed van ander, veral die met mense onder hul toesig! Of is almal maar uitgelewer aan die wolwe? Waar is die manne wat ander met trane vermaan?

Handelinge 20:26 Daarom betuig ek aan julle op hierdie dag dat ek rein is van die bloed van almal.

Handelinge 20:27 Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.

Handelinge 20:28 Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.

Handelinge 20:29 Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie.

Handelinge 20:30 Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan.

Handelinge 20:31 Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie.

Handelinge 20:32 En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes.

Ons het wegbeweeg van die Here af en die manne wat voor moes loop het nie meer hul werk behoorlik gedoen nie! Die lerende priesters het soos mis voor die son verdwyn! Daar is ook geen begrip van die rol wat die wet steeds speel nie. Christus het die Wet vervul ja, maar die Wet kla jou steeds aan. Waar is die sondebefes heen? Ons staan nou tog onder die Wet van Christus! Wat van die gees van die Wet?! Sonder die Wet kan jy nie jou sonde besef nie. Dis dalk die rede waarom hulle so stry teen die Woord van God! Sonde is mos nie meer sonde nie.

2 Kronieke 15:3 En daar was baie dae dat Israel sonder die ware God was en sonder 'n lerende priester en sonder wet.

Ons moet die Here vra vir leiding. Dit neem ek aan het ons almal gedoen. Die Here het reeds leiding gegee, en die vraag is nou of ons gaan luister en doen wat God sê!? Ons moet besef dat daar mense in die Woord van God was wat dieselfde situasie as ons beleef het en dat die Here duidelik wys wat die wyse van handeling behoort te wees in die bepaalde situasie.

2 Kronieke 15:8 En toe Asa hierdie woorde en die profesie hoor wat Asárja, die seun van Oded, gespreek het, het hy moed geskep en die verfoeisels verwyder uit die hele land Juda en Benjamin en uit die stede wat hy op die gebergte van Efraim

ingeneem het; en die altaar van die HERE wat voor die voorportaal van die HERE was, het hy herstel.

Dit gaan moed verg om dit alles te verwyder! Ek praat van alles wat tussen ons en die Here gekom het : Verkeerde Skrifbeskouing, Mensgemaakte Dogma, Wolwe in skaapklere wat herders is, "Word of Faith" , "Emergent Church", Mense wat die skape weglok van die ware Herder af. Rick Warren, Joyce Meyer, Benny Hinn ens.

Die Charismatiese en Pentakostalistiese Bewegings en erger selfs, waarheen baie mense nou vlug het nog meer probleme as wat ons het! Ons het die Gees van God uitgeblus maar hulle beweer dat sekere dinge van die Gees van God kom wat onwaar is. Sekere manifestasies wat geen denkende persoon mee kan saamgaan nie! Verdraaiing van die Woord van God ens.

Die verwerping van die fundamentele beginsels van ons geloof deur mense wat van beter behoort te weet en dan staan die ander maar net met monde vol tande sonder om op te staan vir die waarheid.

Die verfoeisels moet verwyder word en die altaar sal moet herstel word. Ons weet tog almal dat die altaar na die kruis van Christus verwys. Een van die ernstigste aanklagte teen die NG Kerk is dat mense aan die nagmaaltafel kan sit sonder om hul sonde te bely terwyl ons veronderstel is om heilig te lewe as bruid van Christus (Ek verwys spesifiek na 'n sekere morele kwessie). Nou moet daar besin word of saambly sonde is, asseblief?

Dit is duidelik dat hulle wegbeweeg het van die beskouing van die Woord van God as die enigste gesag en as finale woord oor ons lewenswandel asook dogma voor God. Dis geen wonder dat sekere professore en predikante die maagdelike geboorte, die gesag van die Skrif en die vleeslike opstanding van Christus bevestigteken en ontken nie. Kyk bietjie hoe trap hulle klei as hulle Sjoboet moet sê. Hulle sê die teendeel en die meeste val daarvoor en beskerm hulle ook nog!

Dit alles terwyl die Woord van God as volg sê:

2 Timotheüs 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee, en is nuttig tot lering tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid

Dit is alles uitvloeisels van besluite geneem asook die opbou daarheen en wys weereens hoe ver ons heen is.

Sedert 2002 se Sinodesitting is die Woord van God blykbaar nie meer onfeilbaar nie en lê die finale gesag nie meer daar nie. Die waarskuwings is toe gegee deur Dr Willie Marais en ander maar hulle is afgewys.

Esegiël 3:18 As Ek aan die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe--en jy waarsku hom nie en spreek nie om die goddelose vir sy goddelose weg te waarsku om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.

Esegiël 3:19 Maar as jy die goddelose waarsku, en hy hom nie van sy goddeloosheid en van sy goddelose weg bekeer nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered.

Esegiël 3:20 En as 'n regverdige hom van sy geregtigheid afkeer en onreg doen, en Ek 'n struikelblok voor hom gooi, dan sal hy sterwe; omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterwe, en aan sy geregtigheid wat hy beoefen het, sal nie gedink word nie; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.

Esegiël 3:21 Maar as jy die regverdige waarsku, dat die regverdige nie moet sondig nie, en hy sondig nie, dan sal hy sekerlik lewe, omdat hy hom laat waarsku het; en jy het jou siel gered.

Die Fondament moet herstel word! Ons moet terug na die Woord van God en die kruis van Christus.

Daar sal nog predikante wees wat die mense dien maar dan sal daar die wees wat die Here dien soos vanuit die Woord van God waarneembaar. Watter een sal jy wees? Dalk een wat mense se ore streef en dan maar net die diens vir die mense waarneem!

Esegiël 44:10 Maar die Leviete wat ver van My afgewyk het by die afdwaling van Israel, wat van My af weggedwaal het agter hulle drekgode aan, hulle moet hul ongeregtigheid dra:

Esegiël 44:11 hulle moet dienaars wees in my heiligdom, as wagte by die poorte van die huis en bedienaars van die huis; hulle moet die brandoffer en die slagoffer vir die volk slag en voor hulle staan om hulle te dien.

Esegiël 44:12 Omdat hulle hul gedien het voor hulle drekgode en vir die huis van Israel 'n struikelblok tot ongeregtigheid was, daarom het Ek my hand teen hulle opgehef, spreek die Here HERE, sodat hulle hul ongeregtigheid moet dra.

Esegiël 44:13 En hulle mag nie nader kom na My toe om die priesteramp vir My te bedien nie en om nader te kom na al my heilige gawes, na die hoogheilige gawes nie; maar hulle moet hul skande dra en hul gruwels wat hulle bedryf het.

Esegiël 44:14 Dus sal Ek hulle aanstel om die diens van die huis waar te neem, vir die hele bediening daarvan en vir alles wat daarin gedoen moet word.

Esegiël 44:15 Maar die Levitiese priesters, die kinders van Sadok, wat die diens van my heiligdom waargeneem het toe die kinders van Israel van My af weggedwaal het, hulle moet na My toe nader kom om My te dien en voor my aangesig staan om aan My die vet en die bloed te offer, spreek die Here HERE.

Esegiël 44:16 Hulle moet in my heiligdom ingaan, en hulle moet na my tafel toe nader kom om My te dien en my diens waarneem.

Sal ons manne hê wat die woord, tydig en ontydig verkondig; wat weerlê, bestraf en vermaan in alle lankmoedigheid en lering of die wat net ore streef volgens mense se eie begeerlikhede!

2 Timotheüs 4:1 Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk:

2 Timotheüs 4:2 verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;

2 Timotheüs 4:3 want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreef wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,

2 Timotheüs 4:4 en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.

Ons word dan veral gewaarsku teen louheid in hierdie tyd van die eskatologie!

Openbaring 3:15 Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!

Openbaring 3:16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.

Openbaring 3:17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.

Openbaring 3:18 Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.

Openbaring 3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.

Ek hoop net dat ons nie die grens oorgaan waar die Here sê tugtiging, omdat Hy ons liefhet, verander in straf omdat ons Sy vyande geword het nie!

Sal die Here ons verlaat?

Sal ons tog nou verstaan dat as ons ons rug op die Here draai Hy ons ook sal verlaat soos Hy vir Israel en Juda het! As ons Sy Woord verlaat, verlaat ons Hom! Pasop vir die uitkap as gevolg van hoogmoed en terugkeer van die Jode na hul Messias soos oor hierdie dae voorspel is waarin ons leef!

2 Kronieke 15:1 Toe het die Gees van God op Asárja, die seun van Oded, gekom;

2 Kronieke 15:2 en hy het uitgegaan om Asa te ontmoet en vir hom gesê: Luister na my, Asa en die hele Juda en Benjamin! **Die HERE is met julle as julle met Hom is, en as julle Hom soek, sal Hy Hom deur julle laat vind; maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat.**

Die predikant wat vir die Here luister sal sekerlik na hul lidmate wat luister na die stem van die Here, kan omsien sou dit wees dat ander heenkome gevind moet word!.

Ek weet daar is baie predikante wat sou opsien na so stap maar my vraag is of ons alles sou opgee vir tydelike gemak en dan alles verloor. Ons het reeds soveel prysgegee! Daar sal beslis na 'n nuwe formaat van teologiese opleiding gekyk moet word en daar is tog sekerlik manne wat die knieg nie voor Baal buig nie. Die kweekskole moet dalk weggom van die Universiteite af. Ons weet tog wat op die bestaande Fakulteite aangaan.

Die bouwerk soos in Nehemia en Esra se dae is hier. Dit is tog duidelik wat die probleme is, kyk hoe lê alles in skerwe. Daar sal eers die besef hiervan moet wees voordat daar gebou kan word. As die meeste dit dan nie kan sien of wil sien nie, weet ek darem van 'n paar wat dit sien en wat vir die Here wil luister.

Die vraag is nou of ons die moed het om te doen wat die situasie verg.

Ongelukkig bring verdrukking gewoonlik eers bekering en herlewing teweeg, veral as daar eers so ver van God af beweeg is as huidiglik. Ons is so ver heen en daar is steeds mense wat dink dat alles redelik onder beheer is! Ons sal moet terug na die Handeling Kerk en nie na die Reformasie nie. Herlewing kom van God af en dit sal nie begin voordat ons besef hoe ver ons van God is nie, met ons eie insettinge as verordeninge van God! Met wie dink ons het ons te doen!

Juda het altyd meer getrou gebly as Israel. Kyk maar wat gebeur toe die mense van Israel sien dat dit in Juda begin beter gaan, hulle het ook soontoe gekom! Die vertrekpunt moet nie getalle wees nie maar korrekte Skrifbeskouing en praksis!

As die predikante nie wil nie, sien die Here gelukkig om na sy skape! Ek sou baie mismooedig gewees het as dit nie die geval was nie!

Esegiël 34:15 Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek die Here HERE.

Esegiël 34:16 Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat weggedryf is, sal Ek terugbring, en wat gewond is, sal Ek verbind, en die siekes sal Ek versterk; maar die vettes en die sterkes sal Ek verdelg: Ek sal hulle oppas soos dit reg is.

Onthou die Sjobbolet storie! Luister maar mooi wat sê iemand voordat hy ingelaat of mee saamgewerk word. Ons beter seker maak wat ons self sê!

Rigters 12:5 En Gilead het die Efraimiete van die Jordaan-driwwe afgesny; en as die vlugteling van Efraim sê: Ek wil deurgaans--dan vra die manne van Gilead vir hom: Is jy 'n Efraimiet? As hy sê: Nee,

Rigters 12:6 dan vra hulle hom: Sê bietjie: Sjobbolet! En as hy sê: Sibbolet! en nie ag gee om dit reg uit te spreek nie, dan gryp hulle hom en maak hom by die Jordaan-driwwe dood. So het daar dan in dié tyd van Efraim twee en veertig duisend man geval.

Ons teologie sal deeglik uitgesorteer moet word sodat daar uit een mond gepraat kan word. As daar ooit 'n tyd was dat ons hermeneutiek en dogma korrek moet wees is dit nou.

“Sola Scriptura”

Dan kan ons dit van die dakke af verkondig of anders is ons ook maar op 'n skip na nêrens!

Groete in Christus.

Danie Strydom
(Leefstyl C)

Lifestyle C Webtuiste
www.lifestylec.com

Sel: 082 779 2431 / Faks: 086 537 7777 / E-pos: daniestrydom@lifestylec.com / Web: <http://www.lifestylec.com>

Christelik
<http://www.lifestylec.com/christian.asp>